




AANSOEK, KEURING EN TOELATING vir VOORGRAADSE PROGRAMME: FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

1. DOEL

Hierdie dokument bevat die riglyne wat gevolg word in die aansoek-, keurings-, en toelatingprosedures vir voorgraadse programme wat deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word. Die keurings- en toelatingsproses geskied ooreenkomstig die Toelatingsbeleid van die Universiteit Stellenbosch (US).

KEURINGSPROSES VIR NATUURWETENSKAPPE PROGRAMME: SLUITINGSdatum vir aansoeke is 31 JULIE



2. VOORWAARDES

- 2.1** Voornemende nuweling eerstejaarstudente (met geen vorige tersiêre onderrig) kan vir 'n maksimum van drie voorgraadse programme (nie noodwendig almal in dieselfde fakulteit nie) aansoek doen en behoort nie vir meer as een fokusarea in 'n spesifieke program in die Fakulteit Natuurwetenskappe aansoek te doen nie (aangesien dieselfde toelatings- en keuringsvereistes van toepassing is op al die fokusareas in 'n gegewe program).
- 2.2** Die keuse van programme is belangrik, aangesien dit in aanmerking geneem word met die heroorweging van aansoeke, en by die versoeke tot verandering van program binne die fakulteit. In die besonder:
- Jy sal oorweeg word vir, en 'n voorwaardelike aanbod ontvang vir elke gekose program, indien jy aan die **keuringskriteria** voldoen.
 - Enige versoek om verandering van die drie programkeuses moet gerig word aan info@sun.ac.za.
 - Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.
- 2.3** **Toelatingsvereistes** (in Bylae 1, 2 en 3) is die minimum vereistes waaraan 'n aansoeker moet voldoen. **Keuringskriteria** se afsnypunt kan moontlik hoër wees, afhangend van die getal aansoeke wat vir 'n spesifieke program ontvang word en die aantal plekke beskikbaar.
- 2.4** Die onus rus op die aansoekers om gereeld hulle aansoekstatus na te gaan en te reageer op enige potensiële aanbod vóór die sperdatums.
- 2.5** 'n Voorwaardelike aanbod wat verval sal nie heruitgereik word nie. Aansoekers wie se finale aanbod verval het, moet 'n versoek rig aan ([Spesiale Versoek Aansoekvorm](#)) vir heroorweging.

3. PROSEDURE

3.1 **Aansoek**

- 3.1.1 Volledig voltooide aansoeke moet aanlyn **teen 31 Julie** van die voorafgaande jaar van beplande studie, ingedien word.

- 3.1.2 'n **VOLLEDIG VOLTOOIDE AANSOEK** beteken dat al die stappe van die aansoekproses voltooi is en dat alle relevante dokumente ingedien is. Jy sal dan 'n e-pos ontvang wat ontvangs van jou aansoek bevestig.
- 3.1.3 Aansoekers wat besig is met hulle finale skooljaar en op grond van hulle graad 11-punte gekeur word vir 'n spesifieke program, sal 'n **voorwaardelike** aanbod vir toelating tot daardie program ontvang. Hierdie voorwaardelike aanbod vir hierdie program moet teen 30 September aanvaar word. En die voorwaarde is dat die aansoeker se finale skoleindeksamenuitslae OOK aan die keuringskriteria moet voldoen. 'n Voorwaardelike aanbod wat ná 30 September uitgereik word, sal vir 5 dae geldig wees.
- 3.1.4 Aansoekers wie se skoleindeksamenuitslae ook aan die keuringskriteria voldoen van die program waarvoor hulle reeds 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het, sal 'n finale aanbod ontvang om aan die US te studeer. Hierdie finale aanbod moet binne 3 dae aanvaar word.
- 3.1.5 Aansoekers wat alreeds in besit van 'n skoleindsertifikaat is en wat aansoek doen vir 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, sal gekeur word op grond van daardie uitslae, tensy hulle aandui dat hulle besig is om hulle skoleinduitslae te verbeter of Wiskunde en/of Fisiese Wetenskappe as addisionele vakke te voltooi.
- 3.1.5.1 Indien so 'n aansoeker aan die keuringskriteria van die program voldoen, sal 'n finale aanbod om aan die US te studeer, uitgereik word. Die aansoeker moet hierdie aanbod teen 30 September aanvaar.
- 3.1.5.2 Indien aansoekers nie aan die keuringskriteria van die program voldoen nie, maar in die proses is om hulle skoleinduitslae te verbeter of addisionele vakke te voltooi, kan hulle 'n spesiale versoek tot toelating rig (kyk Afdeling 3) en die verbeterde punte indien by die US se Toelatingsafdeling (info@sun.ac.za) sodra die uitslae beskikbaar is. Die verbeterde punte moet aan die spesifieke program se minimum vereistes EN keuringskriteria (soos toegepas in die jaar van aansoek) voldoen, om oorweeg te word.
- 3.1.6 Aansoekers met 'n **gestremdheid** moet bykomend, ook die vorm vir Studente wat addisionele steun benodig van die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling voltooi en die Eenheid vir Gestremdhede kontak om 'n vergadering met die Fakulteit

Natuurwetenskappe te reël ten einde te bepaal watter tipe ondersteuning benodig word, en wat die Fakulteit kan bied.

3.2 Keuring

Die keuringsproses word deur die Fakulteit Natuurwetenskappe se Keurkomitee behartig in ooreenstemming met die Universiteit Stellenbosch se Toelatingsbeleid. Die Keurkomitee is saamgestel uit die Dekaan, die Visedekaan: Onderrig & Leer, die Direkteur: Fakulteitsbestuur, die Fakulteitsadministrateur en die Koördineerder: Akademiese en Studentebelange. Alle besluite aangaande keuring en toelating word deur die Dekaan bekragtig alvorens dit aan die kandidate gekommunikeer word. Alle besluite van die komitee is dus finaal.

3.3 Keuring vir Programme

3.3.1 Die Fakulteit het 'n inname-teiken van 700 nuweling eerstejaarstudente, waarvan 40% teen 2024 uit diversiteitskandidate moet bestaan. Vir elke program is daar ook 'n toelatingsteiken soos in die onderstaande tabel uiteengesit:

Programme	Toelatingsteiken
Biologiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none">• Biodiversiteit en Ekologie• Molekulêre Biologie en Biotegnologie• Menslike Lewenswetenskappe• Sportwetenskap	325
Fisiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none">• Chemie• Fisika• Aardwetenskappe• Geoinformatika	100
Wiskundige Wetenskappe <ul style="list-style-type: none">• Abstrakte Wiskunde• Biowiskunde• Toegepaste Wiskunde• Wiskunde• Wiskundige Statistiek• Operasionele Navorsing	50

Rekenaarwetenskap <ul style="list-style-type: none"> • Algemene Rekenaarwetenskap • Rekenaarstelsels • Datawetenskap • Met Genetika • Met Geografiese Inligtingstegnologie 	150
Interdisiplinêre fokusse BSc <ul style="list-style-type: none"> • Toegepaste Medisinale Chemie • Biomediese Wiskundige Wetenskappe • Bioinformatika en Berekeningsbiologie BDatSci <ul style="list-style-type: none"> • Toegepaste Wiskunde • Rekenaarwetenskap • Statistiese Fisika 	75

3.3.2 Die beginsel van oorbepreking word toegepas om te kompenseer vir aansoekers wat 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het, maar wat nie die finale aanbod om te registreer, aanvaar nie. Die oorbeprekingkoers word jaarliks hersien en aangepas ten einde voorsiening te maak vir veranderende aansoek- en registrasietendense.

3.4 Keuringspunt

3.4.1 Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen ([Bylae 1, 2, en 3](#)) word in rangorde geplaas volgens 'n **Keuringspunt (KP)**, wat as volg bereken word:

NSS & IEB	$(2 \times \text{Wiskundepunt} + \text{die punte van vyf ander vakke}) \div 7$
NSS & IEB (meer as ses skoolvakke)	$(2 \times \text{Wiskundepunt} + \text{die punte van die vyf beste vakke}) \div 7$
Internasionale Skooleindkwalifikasies	$(2 \times \text{Wiskundepunt} + \text{die punte van ander vakke}(n)) \div (n+1)$

3.4.2 The Lewensoriënteringspunt word uitgesluit in die berekening van die keuringspunt.

- 3.4.3 Engels as Huis- of Eerste Addisionele Taal sal ingesluit word in die berekening van die keuringspunt.
- 3.4.4 Die finale vorderingspunt van graad 11, word gebruik om die keuringspunt te bereken vir aansoekers in hulle finale skooljaar. Aansoekers wat alreeds in besit van 'n skoleindsertifikaat is, se finale skoleindeksamenuitslae word gebruik om die keuringspunt te bereken.
- 3.4.5 Alle aansoekers met 'n Keuringspunt (KP) laer as die gespesifiseerde omvang (Afdeling 3.4.1) sal nie toelating kry nie.

3.5 Keuringsfases

Daar is vier keuringsfases vir elke program, afhangend van die beskikbaarheid van plekke in die spesifieke program.

Keuringsfases	Beskrywing						
Fase 1	1 Apr. - 31 Jul. Alle aansoekers met 'n Keuringspunt (KP) >75% sal binne een maand nadat 'n volledige aansoek ingedien is, 'n voorwaardelike aanbod ontvang. Hierdie voorwaardelike aanbod moet teen 30 September aanvaar word.						
Fase 2	1 Aug. - 30 Sept. Alle aansoekers met 'n Keuringspunt (KP) < 75% (maar wat steeds binne die gespesifiseerde omvang van die gekose program val soos wat in die onderstaande tabel aangedui word) sal 'n voorwaardelike aanbod ontvang binne twee maande nadat 'n volledige aansoek ingedien is. Hierdie voorwaardelike aanbod moet teen 30 September aanvaar word.						
	<table border="1"> <thead> <tr> <th>Programme</th> <th>Keuringspunt (KP) Omvang</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td> Biologiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none"> Molekulêre Biologie en Biotegnologie Menslike Lewenswetenskappe </td> <td>$72 \leq KP < 75$</td> </tr> <tr> <td> Biologiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none"> Biodiversiteit en Ekologie Sportwetenskap </td> <td>$65 \leq KP < 75$</td> </tr> </tbody> </table>	Programme	Keuringspunt (KP) Omvang	Biologiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none"> Molekulêre Biologie en Biotegnologie Menslike Lewenswetenskappe 	$72 \leq KP < 75$	Biologiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none"> Biodiversiteit en Ekologie Sportwetenskap 	$65 \leq KP < 75$
Programme	Keuringspunt (KP) Omvang						
Biologiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none"> Molekulêre Biologie en Biotegnologie Menslike Lewenswetenskappe 	$72 \leq KP < 75$						
Biologiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none"> Biodiversiteit en Ekologie Sportwetenskap 	$65 \leq KP < 75$						

Keuringsfases	Beskrywing	
	Fisiese Wetenskappe <ul style="list-style-type: none"> • Chemie • Fisika • Aardwetenskappe • Geoinformatika 	65 ≤ KP < 75
	Interdisiplinêr <ul style="list-style-type: none"> • Biomediese Wiskundige Wetenskappe • Toegepaste Medisinale Chemie • Bioinformatika en Berekeningsbiologie 	70 ≤ KP < 75
	Wiskundige Wetenskappe <ul style="list-style-type: none"> • Abstrakte Wiskunde • Toegepaste Wiskunde • Biowiskunde • Finansiële Wiskunde • Wiskunde • Wiskundige Statistiek • Operasionele Navorsing 	70 ≤ KP < 75
	Rekenaarwetenskap <ul style="list-style-type: none"> • Algemene Rekenaarwetenskap • Rekenaarstelsels • Datawetenskap • Met Genetika • Met Geografiese Inligtingstegnologie 	72 ≤ KP < 75
	Datawetenskap <ul style="list-style-type: none"> • Toegepaste Wiskunde • Rekenaarwetenskap • Statistiese Fisika 	KP ≥ 80
Fase 3	<p>Begin 1 Oktober</p> <p>Alle aansoekers wat 'n voorwaardelike aanbod vir 'n program in 'n ANDER fakulteit aan die US aanvaar het, en na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe wil verander, sal nie onmiddellik voorwaardelike toelating tot die nuut gekose program ontvang nie. Sulke aansoekers sal gedurende hierdie fase oorweeg word.</p> <p>Nog 'n rondte van keuring kan gedoen word vir programme waarin daar nog plek beskikbaar is. Ander relevante inligting kan gedurende hierdie rondte in aanmerking geneem word.</p>	
Fase 4	<p>Hierdie fase vind plaas nadat die skoleinuitslae bekend gemaak is.</p>	

Keuringsfases	Beskrywing
	<p>Aansoekers wat 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het EN aan die keuringskriteria vir hul spesifieke program voldoen, sal 'n finale aanbod ontvang om aan die US te studeer. Hierdie finale aanbod moet binne 3 dae aanvaar word. EN</p> <p>Aansoeke wat via die vorm Spesiale Versoek om Toelating ingedien is, sal oorweeg word, soos beskryf in Afdeling 3.</p>

4. FINALE AANBOD

- 4.1** Finale aanbiedings word slegs uitgestuur nadat die finale skooleindeksamenpunte oorweeg is.
- 4.2** Elke aansoeker wat 'n voorwaardelike aanbod vir 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe aanvaar het en wie se skooleindeksamenpunte aan die keuringskriteria van daardie spesifieke program voldoen, (soos in [Bylae 1,2, 3](#)) sal 'n finale aanbod ontvang om aan die US te studeer.
- 4.3** Dit is noodsaaklik dat aansoekers wat 'n finale aanbod ontvang, dit voor die sperdatum moet aanvaar.
- 4.4** Slegs aansoekers wat hulle finale aanbod betyds aanvaar, sal finale toelatingstatus ontvang en toestemming kry om te registreer.
- 4.5** Indien 'n aansoeker versuim om hul finale aanbod betyds te aanvaar, sal dit verval en hulle sal nie toegelaat word om te registreer nie. Aanbiedings wat verval het, sal nie heruitgereik word nie en aansoekers moet 'n Spesiale versoek vir Toelating indien as hulle heroorweeg wil word.
- 4.6** Registrasie kan aanlyn elektronies gedoen word (e-registrasie) vanaf twee weke vóór die aanvang van die eerste kwartaal van die akademiese jaar, of andersins gedurende die eerstejaarsregistrasietydperk op kampus soos aangedui in die [Nuwelingeids](#).

5. SPESIALE VERSOEKE OM TOELATING

5.1 Die indien van spesiale versoeke om toelating

Spesiale versoeke om toelating sal oorweeg word gedurende Keuringsfase 4. Hierdie spesiale versoeke moet **aanlyn ingedien** word op die vorm [Spesiale Versoek om Toelating](#). Hierdie vorm sal aktief wees vanaf 2 Januarie tot die laaste dag van op-kampusregistrasie van senior studente. Een van die volgende vier kategorieë kan gekies word:

KATEGORIE 1: Aansoekers wat die voorwaardelike aanbod vir 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe aanvaar het, **maar** wie se **skooleindeksamenuitslae nie aan die keuringskriteria** van die spesifieke program voldoen nie, kan 'n verlengde Graadprogram (VGP) oorweeg. Sulke aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes van 'n VGP vir hulle program voldoen EN voldoen aan die sosio-ekonomiese status (SES)* vereistes van die [Universiteit se toelatingsbeleid](#) kan aansoek doen om toelating tot 'n Verlengde Graadprogram. Voorkeur word gegee aan kandidate uit onderrigbenadeelde agtergronde.

*Die universiteit bepaal elke kandidaat se SES-telling en dit is belangrik om hierdie inligting op die aansoekvorm te voltooi.

KATEGORIE 2: Aansoekers wat 'n **voorwaardelike aanbod aanvaar het** vir 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, maar van program, stroom of fokusarea wil verander.

KATEGORIE 3: Aansoekers wat 'n **voorwaardelike aanbod aanvaar het** vir 'n program in 'n ander fakulteit aan die Universiteit Stellenbosch, maar wil verander na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

KATEGORIE 4: Aansoekers wat hulle **skooleindeksamenpunte verbeter het** of Wiskunde en/of Fisiese Wetenskappe (Chemie en Fisika) bykomend as skoolvakke voltooi het.

5.2 Oorweging van spesiale versoeke om toelating

- 5.2.1 Die Keurkomitee sal daaglik aansoeke oorweeg tot die aanvang van op-kampusregistrasie van senior studente. Die uitslae sal per e-pos aan elke aansoeker gekommunikeer word.
- 5.2.2 Aansoekers wie se versoeke goedgekeur is, sal 'n nuwe aanbod om te studeer ontvang, wat binne 3 werksdae aanvaar moet word.
- 5.2.3 Slegs 'n beperkte aantal studente word vir die Verlengde Graadprogramme gekeur volgens die riglyne in Bylaag 3.

6. HERTOELATINGSAPPÈLPROSES

Studente wat voorheen by die Universiteit Stellenbosch (US) geregistreer was, **maar** wat nie aan die HEMIS-vereistes voldoen vir hertoelating tot studie aan die US nie, moet 'n versoek om **hertoelating** indien en **nie** 'n nuwe aansoek om by die US te studeer nie. Vir meer besonderhede raadpleeg asseblief die US se [Algemene Jaarboek \(Deel 1\)](#) en/of kontak scienceadmin@sun.ac.za.

7. TOELATING TOT 'n PROGRAM IN NATUURWETENSKAPPE MET VORIGE TERSIÊRE LEER

Studente wat voorheen aan die Universiteit Stellenbosch geregistreer was en wat voldoen aan die Fakulteit Natuurwetenskappe se HEMIS-vereistes vir hertoelating tot studie aan die US, en wil verander na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, moet 'n Versoek om Verandering van Program rig aan die Fakulteit Natuurwetenskappe se Akademiese Komitee en **nie** 'n nuwe aansoek om by die US te studeer nie. Vir meer besonderhede raadpleeg asseblief die [Fakulteit Natuurwetenskappe se Jaarboek \(Deel 5\)](#) en/of kontak scienceadmin@sun.ac.za.

Studente wat voorheen by 'n ander hoër onderwysinstelling geregistreer was en wil verander na 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe, moet asseblief die [Fakulteit Natuurwetenskappe Jaarboek \(Deel 5\)](#) raadpleeg en/of scienceadmin@sun.ac.za kontak.

Bylaag 1

Minimum toelatingsvereistes volgens die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en Internasionale Eksamenraad (*International Examination Board*, IEB) skooleindsertifikaat:

- 1) 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit) en
- 2) 'n prestasiepunt van minstens (50%) 4 in Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal); en
- 3) voldoen aan die minimum toelatingsvereistes vir hoofstroomprogramme soos hieronder uiteengesit:

Programme	Minimum toelatingsvereistes	
BIOLOGIESE WETENSKAPPE		
1.1 Biodiversiteit en Ekologie	Fisiese Wetenskappe	4 (50%)
1.2 Molekulêre Biologie en Biotegnologie	EN	
1.3 Menslike Lewenswetenskappe	Wiskunde	5 (60%) of 6 (70%)
1.3.1 Stroom: Biologie		
1.3.2 Stroom: Biologie met Sielkunde		
1.4 Sportwetenskap		
(jou Wiskundepunt bepaal watter Fisika- en Wiskunde-modules jy in jou eerstejaar kan neem)		
FISIESE WETENSKAPPE		
2.1 Chemie	Fisiese Wetenskappe	4 (50%)
2.1.1 Stroom: Chemie en Polimeerwetenskap	EN	
2.1.2 Stroom: Chemiese Biologie	Wiskunde	6 (70%)
2.1.3 Stroom: Materiaaltegnologie		
2.2 Fisika		
2.2.1 Stroom: Laserfisika (Fisiese), Kern-, Stralings- en Gesondheidsfisika		
2.2.2 Stroom: Laserfisika (Biologiese)		
2.2.3 Stroom: Teoretiese Fisika		
2.3 Aardwetenskap*	Fisiese Wetenskappe	4 (50%)
2.3.1 Stroom: Toegepaste Aardwetenskap	EN	
2.3.2 Stroom: Geo-omgewingswetenskap	Wiskunde	6 (70%) OF
2.4 Geoinformatika*	**n opsie vir toelating met:	
	Wiskunde	5 (60%)
WISKUNDIGE WETENSKAPPE		
3.1 Wiskundige Wetenskappe	Wiskunde	6 (70%)
3.1.1 Finansiële Wiskunde	EN	
3.1.2 Toegepaste Wiskunde	<i>Indien jy Fisika of Chemie gaan neem:</i>	
3.1.3 Wiskunde	Fisiese Wetenskappe	4 (50%)
3.1.4 Wiskundige Statistiek		
3.1.5 Operasionele Navorsing		
3.1.6 Abstrakte Wiskunde		
3.1.7 Biowiskunde		
Opsie 1: Molekulêre Biologie		
Opsie 2: Ekologie		
3.2 Rekenaarwetenskap	Wiskunde	6 (70%)
3.2.1 Opsie 1: Rekenaarwetenskap (wat Genetika of Geografiese Inligtingstegnologie uitsluit)	EN	
3.2.2 Opsie 2: Rekenaarwetenskap met Genetika	<i>Indien jy Fisika of Chemie gaan neem:</i>	
	Fisiese Wetenskappe	4 (50%)

Programme	Minimum toelatingsvereistes
3.2.3 Opsie 3: Rekenaarwetenskap met Geografiese Inligtingstegnologie	
INTERDISSIPLINÊRE STROME	
4.1 Stroom: Biomediese Wiskundige Wetenskappe	Wiskunde 6 (70%)
4.2 Stroom: Toegepaste Medisinale Chemie	EN
4.3 Stroom: Bioinformatika en Berekeningsbiologie	Fisiese Wetenskappe 4 (50%)
INTERDISSIPLINÊRE BDatSci	
5.1 Fokusarea: Toegepaste Wiskunde	Gemiddelde prestasiepunt (Lewensoriëntering uitgesluit) 80%
5.2 Fokusarea: Rekenaarwetenskap	Afrikaans of Engels Huistaal 60% of
5.3 Fokusarea: Statistiese Fisika	Afrikaans of Engels Eerste Addisionele Taal 75%
	Wiskunde 80%
SCHOOL OF TOMORROW*	
6.1 Alle programme	Toelatingsvereistes soos vir NNS / IEB EN Nasionale Normtoetse: Nasionale Akademiese Geletterdheid 60 Kwantitatiewe Geletterdheid 60 Wiskunde 55

Bylaag 2

Minimum toelatingsvereistes vir aansoekers met Internasionale Kwalifikasies

Aansoekers met Internasionale Kwalifikasies moet voldoen aan die vereistes vir universiteitsvrystelling soos bepaal deur die Matrikulasieraad, Universiteite Suid-Afrika, voorheen bekend as Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA).

- 1) 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 65%;
- 2) 'n prestasiepunt van minstens 50% in Afrikaans of Engels; en
- 3) voldoen aan die minimum toelatingsvereistes vir hoofstroomprogramme soos hieronder uiteengesit:

Internasionale Kwalifikasie ¹	Universiteitsvakke wat geneem word	Minimum toelatingsvereistes
HIGCSE en Namibiese NSSC	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika OF Natuurwetenskappe 3
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 2
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 3
AS-level	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika OF Natuurwetenskappe D
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde B
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde C
A-level	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika OF Natuurwetenskappe E
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde D
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde E
IB HL	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika 2
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 4
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 3
IB SL	Fisika of Chemie	Fisiese Wetenskappe OF Chemie en Fisika 2
	Wiskunde 114, 144 en Fisika 114, 144	Wiskunde 5
	Wiskunde (Bio) 124 en Fisika (Bio) 134, 154	Wiskunde 4

¹ Kontak die Internasionale kantoor (<http://www0.sun.ac.za/international/contact-us.html>) vir die minimum toelatingsvereistes vir skoleindkwalifikasies wat nie in bostaande tabel gelys word nie.

Internasionale Kwalifikasie ¹	Universiteitsvakke wat geneem word	Minimum toelatingsvereistes
School of Tomorrow	Alle programme	<p>Kan slegs 'n universiteitsvrystellingsertifikaat bekom op aanbeveling van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Moet voldoen aan programspesifieke vereistes (Bylaag 1) en Prestasie in die Nasionale Normtoetse (NNTs)</p>

Bylaag 3

Minimum toelatingsvereistes vir Verlengde Graadprogramme (VGP)

'n Aansoeker wat die **voorwaardelike aanbod** vir 'n program in die Fakulteit Natuurwetenskappe **aanvaar het**, maar wie se skoleinduitslae nie aan die minimum toelatingsvereistes van die spesifieke program voldoen nie, kan vir 'n Verlengde Graadprogram oorweeg word, indien die aansoeker:

- nie voorheen by die Universiteit Stellenbosch OF enige ander hoër onderwysinstelling geregistreer was nie; en
- voldoen aan die sosio-ekonomiese status (SES) vereistes van die Universiteit se Toelatingsbeleid; en
- in een van die volgende kategorië val:

	BIOLOGIESE WETENSKAPPE	WISKUNDIGE en FISIESE WETENSKAPPE
KATEGORIE 1	Gemiddeld $\geq 60\%$ Lewensoriëntering uitgesluit	Gemiddeld $\geq 60\%$ Lewensoriëntering uitgesluit
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes
KATEGORIE 2	Wiskunde 4 (55%)	Wiskunde 5 (65%)
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes
KATEGORIE 3	Fisiese Wetenskappe 3 (45%)	
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	